Dinsdag 26 April
Skrifgedeelte: Matteus 3:1-12
Fokusgedeelte: Matteus 3:11

Doop met die Heilige Gees

Volgens die Pinksterteologie moet jy ’n besondere ervaring ondergaan om werklik tot diens in God se koninkryk bekwaam te wees. Hierdie spesifieke individuele ontmoeting/ervaring met die Heilige Gees word die doop met die Heilige Gees genoem, en word sigbaar deur die verskynsel van glossolalie (spreek in tale) en wondergenesings. Die Pinksterteologie leer die doop met die Gees as ’n spesifieke “ervaring”, bo en behalwe die “gewone” ontvangs van die Gees met die wedergeboorte en bekering.

Die Skrif ken nie twee klasse gelowiges nie – hulle wat gedoop is met die Gees en hulle wat nog net “gewoon” glo nie. So kom ’n onbybelse onderskeid tussen sogenaamde Christene en wedergebore Christene.

Hierteenoor leer die Skrif dat elke gelowige die volle gawe van die Gees ontvang. Daar is nie ’n groter gawe van die Gees as die geloof in Jesus Christus as jou Verlosser nie. Gedoop in of met die Gees beteken om gebring te word onder die heerskappy van die Heilige Gees. Die doop met die Heilige Gees staan aan die begin van die nuwe lewe en is eintlik maar dieselfde as die wedergeboorte.

Johannes die Doper gaan verder wanneer hy Jesus aanwys as die een wat doop met die Heilige Gees en met vuur. In Matteus 3:11 beteken die doop met die Heilige Gees niks minder as die koms van die koninkryk van God nie. Alleen deur die doop met of in die Gees kan ons ingaan in die koninkryk van God. In Handelinge 1:5 leer Jesus self dat die Pinkstergebeurtenis die doop met die Heilige Gees is.

Dit dui verder op die koms van die koninkryk, maar tweeledig. Die doop met die Heilige Gees gebeur met Pinkster, maar dui ook op die wederkoms, op die gerigsvoltrekking. Dié wat verlos word, doop Christus met die Heilige Gees. Dié wat nie verlos is nie, doop Hy met vuur tot verderf.

Sing: Skrifberyming 8-2:1, 4

Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)